Na afhandeling van hierdie module behoort die onderwysstudente te kan demonstreer dat hulle die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester het om die plek van die aarde in die heelal, bewegings van die aarde en maan om die son, die ontstaan van seisoene, die berekening van tyd met behulp van lengtelyne asook die invloed van die maan op die aarde te kan beskryf. Die studente moet ook in staat wees om die samestelling en struktuur van die atmosfeer, osoonlaag, hittebalans, insolasie en radiasibalans, inversietoestande, presipitasievorme, atmosferiese lugdruk, geostrofiese winde, primêre, sekondêre basiese lugsirkulasies in die atmosfeer te kan beskryf.

Prakties: Inleiding tot kartografie – soorte kaarte, kenmerke en gebruike van kaarte, verwysingsnommer, skaal en oppervlakte word bespreek en bereken. Studente moet demonstreer dat hulle sinoptiese weerkaarte kan interpreteer.

LANH 211 LEWE EN LEWENDE WESENS

3 uur 1:1

Na afhandeling van hierdie module behoort onderwysstudente bewys te lewer van kennis, insig en vaardighede met betrekking tot lewende organismes, biodiversiteit, die basiese lewensprosesse en die beskrywing van verskillende benaderingswyses tot ekologie met die klem op biogeochemiese kringlope in ekosistels.

LANH 221 ENERGIE EN ENERGIE VERANDERINGS

3 uur 1:1

Na afhandeling van hierdie module behoort onderwysstudente te kan demonstreer dat hulle die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester het t.o.v. energiebronne, energieomsettings, energie vloei deur ekosisteme, en die impak van die mens se energiebehoefte op die omgewing.

LANW 111 SPES NATUURWETENSKAPPE: LABORATORIUMBESTUUR EN DIDAKTIK; MATERIE, LEWE, ENERGIE, PLANEET AARDE

1½ uur 1:1

'n Oorsigtelike studie van die Natuurwetenskappe binne die konteks van die volgende temas: Laboratoriumbestuur en didaktiek; Materie en materiale; Energie en verandering; Lewe, die

planeet aarde. Onderwys studente moet kennis, vaardighede en waardes ontwikkel t.o.v. die daarstelling van 'n effektiewe leerkultuur en leeromgewing in 'n goed georganiseerde laboratorium; wetenskaplike ondersoek en tegnieke; kommunikasie van versamelde data deur verslaggewing; hantering van apparaat en tegniese vaardighede; begrip vir die aarde as self-onderhoudende omgewing wat effektief beheer moet word.

LATG 121 LEERAREA TEGNOLOGIE

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module moet die leerder skriftelik kan demonstree dat hulle die nodige kennis en vaardighede, gesindhede en waardes bemeester om Inligtings tegnologie, Rekenaartegnologie en Tegnologiese studies sinvol aan te wend oor al die leerareas heen.

LEER 111 LEER- EN LEESONTWIKKELING

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort die leerder kennis te dra van die aard van die universiteit en universitêre studie; kennis van hom-/haarself as leerder te hê; kennis te hê van verskillende leerstrategieë wat by hom/haar en die leerstof pas om leerinhoud te bemeester, integreer, toe te pas en eie kennisraamwerke te konstrueer; kontakgeleenthede met dosente en leerders effektief in die leerproses te benut; doeltreffend en doelmatig tyd kan bestuur doeltreffend vir die eksamen kan voorberei en beter eksamen kan skryf as individu en in 'n groep probleemoplossend te werk kan gaan; beter toegerus te wees met lewensvaardighede; 'n minimumvlak van leesvaardigheid hê.

OPSK 513 VAKDIDAKTIEK VAN LEERDERONDERSTEUNING: SKOOLVOORLIGTING-PRAKTYK

Na voltooiing van hierdie module sal die leerders oor kennis, vaardighede en houdings beskik ten opsigte van die vakdidaktiek van Lewensorientering ten einde leeraktiwiteite te fasiliteer wat die leerder in staat sal stel om: ingeligte besluite rakende hulle persoonlike, gemeenskap en omgewingsgesondheid en welstand te neem; 'n demonstrasie te lewer van aktiewe verbintenis tot konstitusionele regte en sosiale verantwoordelikhede asook 'n sensitiwiteit ten opsigte van diverse kulture en geloofsoortuigings; verworwe lewensvaardighede te gebruik sodat die persoonlike potensiaal uitgebrei kan word in die hantering van die uitdagings van sy/haar leefwêreld; in insig in en verstaan van deelname aan aktiwiteite wat beweging en fisiese ontwikkeling bevorder; en om ingeligte keuses en besluite ten opsigte van verdere studie en beroepsmoontlikhede te maak.

LEOH 131 LEERDERONDERSTEUNING: KONTEKSTUELE SOSIALE PROBLEME

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module sal die leerders oor kennis, vaardighede en houdings beskik ten opsigte van die disharmoniese opvoeding- en onderwysituasie van leerders met spesiale behoeftes, die harmoniëring van sodanige disharmoniese situasies, die rol van die assesserder in die assessering van emosionele, gedrags- en leerprobleme, en van multikulturele assessering.

LEOH 141 LEERDERONDERSTEUNING: INDIVIDUELE SOSIALE PROBLEME

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module sal die leerders oor kennis, vaardighede en houdings beskik ten opsigte van die volgende individuele sosiale probleme: tweedetaal-probleme, substansmisbruik by leerders, kindermishandeling, leerders in 'n oorgangsituasie, armoede, leerders met dreigende selfmoord, leerders wat ontwrigtende en uitdagende gedrag in die klas toon, leerders wat in 'n egskedingsituasie van hul ouers verkeer, leerders wat trauma en post-traumatiese stres ervaar, en leerders met aandagstoornisse.

LEOH 151 LEERDERONDERSTEUNING: INLEIDING TOT SKOOLVOORLIGTING.

1½ uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module sal die leerders oor kennis, vaardighede en houdings beskik ten opsigte van die doel en funksie van Skoolvoorligting, die struktuur en funksie van die skoolvoorligtingstelsel, etiek in Skoolvoorligting en 'n inleiding tot lewensvaardighede.

LEOH 161 LEERDERONDERSTEUNING: OPVOEDKUNDIGE-AKADEMIESE SKOOLVOOR-LIGTING

1½ uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module sal die leerders oor kennis, vaardighede en houdings beskik ten opsigte van leestegnieke en studiemetodes, keuse van vakke en 'n skool vir leerders in graad 7, keuse van vakke, vlak van vakke en 'n studieprogram vir leerders in graad 9, entrepreneurskap en probleemoplossing, besluitneming en bestuur.

LEOH 231: LEERDERONDERSTEUNING: SOSIALE SKOOLVOORLIGTING

1½ uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module sal die leerders oor kennis, vaardighede en houdings beskik ten opsigte van gesins- en geslagsopvoeding, VIGS, sosiale ontwikkeling en gesondheidsbevordering,

LEOH 241: LEERDERONDERSTEUNING: PERSOONLIKHEIDSVoorligting

1½ uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module sal die leerders oor kennis, vaardighede en houdings beskik ten opsigte van kinderontwikkeling, persoonlikheid en aanpassing, individuele verskille en selfkennis.

LEOH 251 LEERDERONDERSTEUNING: LEERders MET NEUTRALE GESTREMDHEID

1½ uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module sal die leerders oor kennis, vaardighede en houdings beskik ten opsigte van leerders met neurale en serebrale gestremdheid en epilepsie, en van die assessering en ondersteuning van hierdie gestremdhede.

LEOH 261 LEERDERONDERSTEUNING: LEERDERS MET FISIEKE GESTREMDHEDE

1½ uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module sal die leerders oor kennis, vaardighede en houdings beskik ten opsigte van leerders met fisieke, sensoriese en verstandelike gestremdhede, en van die assessering en ondersteuning van hierdie gestremdhede.

LEOH 311 LEERDERS MET LEERPROBLEME

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module sal die leerders oor kennis, vaardighede en houdings beskik ten opsigte van die assessering en ondersteuning van leerders met motoriek, persepsie, taal, lees, spelling, skryf en wiskunde probleme..

LEOH 321: LEERDERONDERSTEUNING: BEROEPSVOORLIGTING

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module sal die leerders oor kennis, vaardighede en houdings beskik ten opsigte van beroepskeuse teorieë, beroepsvoorligting in Suid-Afrika, beroepskennis, stappe in die keuse van 'n beroep, werkontledings en die ontwerp van vraelyste in beroepsvoorligting.

LEWD 411 VAKDID. VAN LEERAREA EKONOMIESE WET.

2 uur 1:1

Kyk EKND 411

LEWD 421 VAKDID. VAN LEERAREA EKONOMIESE WET

2 uur 1:1

Kyk EKND 421

LEWG 111 GRONDSLAGFASE LEWENSVAAARDIGHEDE: GELOOFSASPEKTE

2 uur 1:1

Aan die einde van die module moet leerders in staat wees om die uitkomst van die Hersiene Nasionale Kurrikulum 2005 wat in Lewensoriëntering voorgeskryf word, te demonstree ten opsigte van geloofsaspekte, waardestelsels, verhoudingstigting en persoonlikheidsontwikkeling.

LEWG 121 GRONDSLAGFASE LEWENSVAAARDIGHEDE: MUSIEK

2 uur 1:1

Leerders moet basiese musiekkonsepte bemeester. Hulle moet voldoen aan algemene oriëntasie en riglyne, asook informele bekendstelling en verduideliking van musiekkonsepte en vaardighede.

Leerders moet ook vaardighede en teorie in Musiek in die Grondslagfase bemeester en demonstreer. Hulle moet bedrewenheid toon in die praktiese uitvoering en aanbieding van vaardighedsaktiwiteite met sang en beweging as uitgangspunt tot musiekopvoeding.

LEWG 211 GRONDSLAGFASE LEWENVAARDIGHEDE: MUSIEK:

2 uur 1:1

Na afloop van die module behoort leerders komponente van die uitkomst ten opsigte van didaktiese riglyne in Musiek kan demonstreer as 'n leerervaring vir Grondslagfase leerders. Leerders moet ook uitkomst in musiekvaardighede en teorie vir die Grondslagfase kan demonstreer.

LEWG 221 GRONDSLAGFASE LEWENVAARDIGHEDE: FASILITERING VAN LEERAREAS

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders kennis te toon van fasilitering en integrering van lewensvaardighede in die Grondslagfase.

LEWG 311 GRONDSLAGFASE LEWENVAARDIGHEDE: BEWEGINGSONTWIKKELING

2 uur 1:1

Leerders nmoet kennis en vaardighede toon om leerareas geïntegreerd aan te bied in die Grondslagfase.

Leerders word blootgestel aan kennis van groot-motoriese en perseptueel-motoriese ontwikkeling van leerders in die Grondslagfase en moet vaardighede bewys om dié ontwikkeling te stimuleer deur gepaste bewegingsaktiwiteite aan te bied, asook groot-motoriese en perseptueel-motoriese probleme te identifiseer en te hanteer in die Bewegingsontwikkelingsklas.

LEWG 321 GRONDSLAGFASE: LEWENVAARDIGHEDE : OMGEWINGSBEVORDERING

2 uur 1:1

Aan die einde van die module moet leerders kennis kan demonstreer van lewensvaardighede t.o.v. Omgewings- en gemeenskapsopvoeding.

LEWV 111 GRONDSLAGFASE: LEWENVAARDIGHEDE

1½ uur 1:1

Die doel van hierdie module is om die ontwikkeling van lewensvaardighede te fasiliteer. Tydens die onderrig van lewensvaardighede word daar gefokus op die groei en ontwikkeling van die leerder tot sy/haar volle potensiaal en die verbetering van lewenskwaliteit. Sosiale welstand en sukses word bevorder en disfunksionele gedrag word voorkom in veral moeilike, stresvolle situasies. Lewensvaardighede bemagtig die leerder om op 'n konstruktiewe wyse die probleme en uitdagings van die lewe aan te pak en die eise van sy/haar studies en voornemende beroep as onderriggewer te hanteer.

LLOD 421 VAKDIDAKTIEK LEERAREA LEWENSORIËNTERING

2 uur 1:1

Studente moet bewys lewer van bevoegdheid ten opsigte van kennis, vaardighede en waardes betreffende die vakmetodiek van die leerarea Lewensoriëntering teen die agtergrond van K2005.

LMWD 411 VAKDIDAKTIEK VAN DIE LEERAREA SOSIALE WETENSKAP

2 uur 1:1

Aan die einde van die module behoort die leerders te kan demonstreeer dat hulle die nodige kennis, vaardighede en waardes met betrekking tot die leerarea sosiale wetenskappe bemeester het met spesifieke verwysing na die tipes uitkomsgebaseerde onderwysin al sy fasette (leerervarings, onderrigtegnieke, koöperatiewe leer, assesserings ens.)

LMWD421 VAKDIDAKTIEK VAN DIE LEERAREA SOSIALE WETENSKAP

2 uur 1:1

Aan die einde van die module behoort die leerders te kan demonstreeer dat hulle die nodige uitkomsgebaseerde kennis, vaardighede en waardes in die leerarea Sosiale Wetenskappe bemeester het met spesifieke toepassing van temas binne die sillabusinhoud van die intermediêre- en senior fase. Spesifieke aandag sal ook gegee word aan integrasie met ander leerareas.

LNWD 411 VAKDIDAKTIEK VAN DIE LEERAREA NATUURWETENSKAPPE

2 uur 1:1

Van die leerder word verwag om vaardighede in die gebruik van Natuurwetenskaplike begrippe in toepassings en probleemoplossing te kan demonstreeer deur selfstandige ondersoeke. Leerders moet ook bewys lewer van kennis, vaardighede en waardes t.o.v. 'n verskeidenheid leersituasies; demonstrasies en praktiese werk binne groeps- en individuele verband KAN lewer om sodoende die aanleer van laboratoriumtegnieke te kan fasiliteer.

LNWD 421 VAKDIDAKTIEK VAN DIE LEERAREA NATUURWETENSKAPPE

2 uur 1:1

Van die leerder word verwag om oor kennis vaardighede, gesindhede en waardes in die fasiliteringstaak van die leerarea Natuurwetenskappe en Tegnologie onderwys onderlê te wees.

LTGD 411 VAKDIDAKTIEK VAN DIE LEERAREA TEGNOLOGIE

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort die leerder instaat te wees om as opvoeder in die Intermediêre fase te kan funksioneer, die basiese beginsels van die NKV te kan omskryf en bespreek, die verskillende Uitkomst van die Leerarea tegnologie van die Intermediêre fase op praktiese en didakties gegronde beginsels aan leerders te kan aanbied en assesser.

LTGD 421 VAKDIDAKTIEK VAN DIE LEERAREA TEGNOLOGIE

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om as opvoeder in die Sekondêre fase te kan funksioneer, die basiese beginsels van die NKV te kan omskryf en bespreek, die verskillende Uitkomst van die Leerarea tegnologie in die Sekondêre fase op praktiese en didakties gegronde beginsels aan leerders te kan aanbied en assesseeer.

MSKH 231 MUSIEK: MUSIEK VIR DIE GRONDSLAGFASE: TOEPASSING VAN MUSIEKKONSEPTE

2 uur 1:1

Na afhandeling van hierdie module sal leerders die onderskeie onderrigmetodes van verskillende musiek opvoedkundiges ken en sekere elemente daarvan in die intermediêre fase kan toepas asook daartoe in staat wees om deur middel van beluistering die besondere eienskappe van die musiek van die Renaissance- en Baroktydperk aan leerders bekend te stel en vir klaskamergebruik aan te wend.

MSKH 251 MUSIEK : MUSIEK VIR DIE GRONDSLAGFASE: VERDERE ONTWIKKELING VAN VAARDIGHEDE

Na afhandeling van hierdie module sal leerders daartoe in staat wees om die verskillende toonsisteme te gebruik in die komposisie van eenvoudige instrumentale werke en om luisteronderrig met ander musiekaktiwiteite en ander leerareas te integreer. Leerders moet ook in staat wees om die klankkleur en klankeienskappe van die musiek van die Klassieke tydperk asook die Romantiese tydperk vir die Intermediêre fase te identifiseer en in die klaskamer te kan fasiliteer

NASD 411 VAKDIDAKTIEK VAN NATUUR- EN SKEIKUNDE

3 uur 2:3

Van die leerder word verwag om vaardighede in die gebruik van Natuurwetenskaplike begrippe in toepassings en probleemoplossing te kan demonstreeer deur selfstandige ondersoeke. Leerders moet ook bewys lewer van kennis, vaardighede en waardes t.o.v. 'n verskeidenheid leersituasies; demonstrasies en praktiese werk binne groeps- en individuele verband om sodoende die aanleer van laboratoriumtegnieke te kan fasiliteer

NASH 131 NATUUR- EN SKEIKUNDE: (ATOME, MOLEKULE, VERBINDINGS)

2 uur 1:1

Leerders moet bewys lewer van kennis, vaardighede, gesindhede en waardes ten opsigte van die beskrywing van atoom- en molekulêre struktuur, toestande van materie en meting; molekule en verbindings; praktykrelevansie van inhoude.

NASH 141 NATUUR- EN SKEIKUNDE: STOIGIOMETRIE

2 uur 1:1

Leerders moet bewys lewer van kennis, vaardighede en waardes ten opsigte van wiskundige berekeninge en die wetenskaplike hantering van die beginsels van chemiese reaksies.

NASH 151 NATUUR- EN SKEIKUNDE: INLEIDENDE MEGANIKA

2 uur 1:1

Leerders moet bewys lewer van kennis, vaardighede, gesindhede en waardes ten opsigte van die beskrywing van reglynige beweging en beweging in 'n plat vlak; die toepassing van Newton se bewegingswette in 'n verskeidenheid situasies; die wetenskaplike hantering van die begrippe arbeid en energie.

NASH 161 NATUUR- EN SKEIKUNDE: WARMTELEER

2 uur 1:1

Leerders moet bewys lewer van kennis, vaardighede, gesindhede en waardes ten opsigte van warmte as vorm van energie; die termiese uitsetting van vastestowwe en vloeistowwe; die geleiding van warmte en faseveranderings; die toepassing van die eerste twee wette van termodinamika; die wetenskaplike hantering van die begrip entropie.

NASH 231 NATUUR- EN SKEIKUNDE: GEVORDERDE MEGANIKA

2 uur 1:1

Leerders moet bewys lewer van kennis, vaardighede en waardes ten opsigte van die toepassing van Newton se universele gravitasiewet; die wiskundige hantering van momentum en botsings; die beskrywing van rotasiebeweging; die praktykrelevansie van inhoude.

NASH 241 NATUUR- EN SKEIKUNDE: INLEIDENDE ELEKTRISITEITSLEER

2 uur 1:1

Leerders moet bewys lewer van kennis, vaardighede en waardes ten opsigte van die wetenskaplike hantering van elektrostatiese kragte; elektriese velde; elektrostatiese potensiaal; elektriese stroom; die wet van Ohm en die praktykrelevansie van inhoude

NASH 251 NATUUR- EN SKEIKUNDE: ATOOMSTRUKTUUR

2 uur 1:1

Leerders moet bewys lewer van kennis, vaardighede en waardes ten opsigte van die ontwikkeling van die atoomstruktuur asook die verwantskap tussen atoomstruktuur en chemiese eienskappe van elemente en verbindings; elektronstruktuur en periodisiteit; die rangskikking van atome in verbindings en die kragte wat 'n rol speel in die vorming van molekules.

NASH 261 NATUUR- EN SKEIKUNDE : INTERMOLEKULÊRE KRAGTE

2 uur 1:1

Leerders moet bewys lewer van kennis, vaardighede en waardes ten opsigte van die fisiese en chemiese beskrywing van gasse; intermolekulêre kragte werksaam in vloeistowwe en vaste stowwe; onderskeid tussen verskillende tipes oplossings; die hantering van konsentrasies; bindingtipes en molekulêre struktuur van verskeie organiese entiteite.

NASH 311 NATUUR- EN SKEIKUNDE: DIE BEGINSSEL VAN REAKTIWITEIT

3 uur 1:1

Leerders moet bewys lewer van kennis, vaardighede en waardes ten opsigte van die wetenskaplike hantering van chemiese ewewig; suur en basisse; elektrochemie; enkele organiese verbindinge en die praktykrelevansie van inhoude.

**NASH 321 NATUUR- EN SKEIKUNDE: ELEKTRISITEIT EN MAGNETISME;
OSSILASIES EN GOLWE**

3 uur 1:1

Leerders moet bewys lewer van kennis, vaardighede en waardes ten opsigte van die wetenskaplike hantering van magnetiese velde en kragte; elektromagnetiese induksie; eenvoudige wisselstroombane; ossilasies en golwe; interferensie en diffraksie; ligkwanta en die praktykrelevansie van inhoude.

ONBD 411 VAKDIDAKTIEK VAN ONDERNEMINGSBESTUUR

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om: die algemene didaktiese beginsels wat van toepassing is op onderwys en opvoeding te verstaan en te kan toepas in die aanbieding van Ondernemingsbestuur (Bedryfseksonomie) op skool; voorbereid as Bedryfseksonomie opvoeder te wees en probleme rakende die vak te kan identifiseer en oplos; die klaskamer te kan organiseer; ontleding van die skoolsyllabus te kan doen; kennis van vakinhoud te hê en verskillende onderrigbenaderings, -metodes, -media en -vaardighede te kan implementeer en toepas.

ONDH 131 ONDERNEMINGSBESTUUR: OORSPRONG VAN 'N ONDERNEMING

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om die studieveld van Ondernemingsbestuur te identifiseer; die begrip ekonomiese handeling te verduidelik en die dryfkrag daaragter te verklaar; die funksionele deelgebiede van ondernemingsbestuur uit een te sit; die verskillende opprogrammevraagstukke van 'n nuwe onderneming te identifiseer en toe te pas en tussen die verskillende ondernemingsvorme te onderskei.

ONDH 141 ONDERNEMINGSBESTUUR: MENSLIKE HULPBRONNEBESTUUR

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om die ontwikkeling van die verskillende bestuursdenke te verstaan; by algemene bestuur die vier basiese en ses

bykomende bestuurstake in 'n onderneming te identifiseer en prakties toe te pas; en by menslike hulpbronbestuurwerwing, keuring, plasing en oriëntering van personeel suksesvol te kan uitvoer.

ONDH 151 ONDERNEMINGSBESTUUR: PRODUKSIEFUNKSIES

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om by Inligtingsbestuur die bestuursinligting wat deur verskillende ondernemingsfunksies benodig word aan te dui en 'n stelsel te ontwerp wat die bestuur van korrekte inligting op die regte tyd voorsien; by aankoopbestuur die rol van bestuur in die aankoopfunksie te identifiseer; die aankoopproses suksesvol te beplan en uit te voer, by produksie- en operasionele bestuur die take en aktiwiteite van die bestuur te identifiseer sodat goedere en dienste gelewer kan word vir behoeftebevreëdiging.

ONDH 161 ONDERNEMINGSBESTUUR: FINANSIËLE BESTUUR

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om by finansiële bestuur die belangrike besluite wat 'n finansiële bestuurder moet neem t.o.v. investering, finansiering, bedryfskapitaalbestuur en inkomsteverdeling te kan waarneem, by bemarkingsbestuur die belangrike rol wat die bemarkingsfunksie speel in die bevreëdiging van menslike behoeftes aan te dui; by bestuur van eksterne betrekkinge die noodsaaklikheid van die bestuur in die handhawing en verbetering van die beeld van die onderneming by sy belangegroepe.

ONDH 231 ONDERNEMINGSBESTUUR: INLEIDING TOT BESTUUR EN BEPLANNING

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om: met die rol van bestuur en bestuurders in die onderneming kennis te maak, die ontwikkeling van bestuursdenke aan te toon, met die vinnig veranderde bestuursomgewing vertrou te raak, aan vooruitskatting en omgewingsscenario's aandag te gee, die belangrikheid van bestuursetiek en sosiale verantwoordelikheid aan te toon, met beplanning as basiese bestuurstaak kennis te maak wat insluit doelstellings, doelwitbestuur, strategiese beplanning, strategie-implementering en die belangrikheid van besluitneming, koördinasie en produktiwiteit te besef.

ONDH 241 ONDERNEMINGSBESTUUR: ORGANISERING

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om: die beginsels van organisering te verstaan, met sekere organisasiesistelsels kennis te maak wat die onderneming tot 'n geheel kan saambind en orden, die belangrikheid van sommige van die bykomende bestuurstake naamlik, delegering en dissiplinerig te besef en met desentralisasie, sentralisasie en tydbestuur vertrou te raak sodat voortduurend verandering en vernuwing in 'n onderneming geskep kan word.

ONDH 251 ONDERNEMINGSBESTUUR: AKTIVERING

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om: die waarde van motivering en leierskap te besef om werknemers daartoe te lei om doeltreffend as 'n span saam te werk, die belangrikheid van kommunikasie te besef, kennis van konflik en spanning op te doen ter identifikasie, diagnoseer en funksionele oplossing daarvan en om innovasie en kreatiwiteit waar te neem en konstruktief te benut ten einde ondernemings- en individuele doelstellings te bereik.

ONDH 261 ONDERNEMINGSBESTUUR: BEHEER

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om: verskillende soorte beheer te kan toepas deur alle aktiwiteite op alle bestuursvlakke op 'n deurlopende grondslag te monitor ten einde afwykings vroegtydig te identifiseer sodat die nodige aanpassings of regstellings aangebring kan word en die belangrikheid van begrotingsbeheer te alle tye te besef.

ONDH 311 ONDERNEMINGSBESTUUR: ENTREPRENEURSKAP

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om: te onderskei tussen entrepreneurskap en intrapreneurskap; die rol van KMMO's en die informele sektor in die ekonomie te kan bespreek; die vestiging van 'n nuwe onderneming en regsaspekte daaromtrent te kan omskryf; 'n keuse te maak tussen verskillende ondernemingsvorme; die noodsaaklikheid van kreatiwiteit vir 'n entrepreneur te verstaan; idees te kan evalueer en geleenthede te kan herken; lewensvatbaarheidstudie van 'n nuwe onderneming te kan doen; die rol van die menslike hulpbronbeleid te verstaan en die aankoopplan vir die oprigting van 'n nuwe onderneming te kan opstel.

ONDH 321 ONDERNEMINGSBESTUUR: ONDERNEMINGSPLAN

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om: die elemente van 'n produksieplan te kan identifiseer; die plek van bemarking in die onderneming te kan omskryf; die kapitaalbehoefte van die onderneming te bepaal en finansiering daarvoor te verkry; vertrouwd te wees met die administratiewe take en basiese rekordhouding; 'n ondernemingsplan te kan voorberei en implementeer; kennis te neem van al die risiko's waaraan 'n entrepreneur blootgestel is en die belangrikheid van versekering te besef; die belastingstruktuur van Suid-Afrika te verstaan en franchising as 'n moontlikheid om 'n nuwe onderneming te begin oorweeg.

OPVK 111 ONDERWYSSTUDIES:

2 uur 1:1

Na bestudering van die inhoud moet leerders die basiese fasette van die formele didaktiese situasie en die kurrikulum kan herken en dit as verwysingsraamwerk tydens vakdidaktiese besprekings en Praktiese Onderwys kan gebruik.

OPVK 211 ONDERWYSSTUDIES: FILOSOFIE VAN DIE OPVOEDING

2 uur 1:1

'n Wetenskaplike besinning oor die werklikheid, oor die mens en die verband hiervan met die opvoedingsgebeur asook 'n kritiese waardering van die standpunte van enkele lewens-en-wêreldbeskouings en die implikasies daarvan vir opvoedkunde en onderwys vanuit 'n Christelike lewensopvatting.

OPVK 321 ONDERWYSSTUDIES: SOSIOPEDAGOGIEK

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders kennis, vaardigheid en insig te toon: van wat Sosiopedagogiek is, begrippe te ken en verklaar, die sosiale rol van die gesin en skool in te weef in die onderwys. Laastens moet die leerder veskillende eietydse jeugprobleme kan identifiseer (by die kind) en die kind help om weer suksesvol sy deel/plek in die samelewing vol te staan.

OPVK 411 OPVOEDKUNDE

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerders in staat te wees om vanuit 'n basiese kennis en bepaalde perspektief lesse te ontwerp, leer te fasiliteer en te assessseer.

OPVK 421 OPVOEDKUNDE

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerders in staat te wees om vanuit 'n basiese kennis en perspektief op 'n professionele wyse op te tree as leier, administreerder en bestuurder van die onderrigleersituasie, asook as 'n rolmodel en pastor vir sy leerders.

PREP 411 VROEË KINDERONTWIKKELING

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module moet leerders kennis kan demonstreer aangaande die ontwikkeling van die voorskoolse kind en faktore wat die ontwikkeling beïnvloed.

Leerders moet ook kennis verwerf van fasette van die dagkurrikulum.

PREP 421 VROEË KINDERWONTWIKKELING

2 uur 1:1

Leerders moet in hierdie module kennis en vaardigheid prakties demonstreer van alle aspekte van die dagkurrikulum vir voorskoolse leerders.

REKD 411 VAKDIDAKTIEK VAN REKENINGKUNDE

3 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om: die algemene didaktiese beginsels wat van toepassing is op onderwys en opvoeding te verstaan en kan toepas in die aanbieding van Rekeningkunde; voorbereid as Rekeningkunde opvoeder te wees, die klaskamer te kan organiseer; ontleding van die skoolsillabus te kan doen; kennis van vakinhoud te hê en te kan oordra; verskillende onderrigbenaderings, -metodes, -media en –vaardighede te kan implementeer en toepas.

REKH 131 REKENINGKUNDE: INLEIDING TOT REKENINGKUNDIGE VAARDIGHEDE

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om die doel en funksie van rekeningkunde te verduidelik, die inligtingsbehoefes van verskillende gebruikers te bepaal, die dokumentering van transaksies te behartig, joernale en grootboeke te skep en 'n rekeningkundige sisteem te ontwerp wat aan die vereistes van 'n spesifieke entiteit voldoen.

REKH 141 REKENINGKUNDE: HULPJOERNALE / GROOTBOEKE

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om wisseltransaksies in die rekeningkundige rekords op te teken; hulpgrootboeke en kontrolerekeninge te skep en saldo's volgens die maandstate te rekonsilieer; interne kontrole oor kontant te evalueer en met bankstate te rekonsilieer en loon- en salarisjoernale te kan ontwerp en in die praktyk toe te pas.

REKH 151 REKENINGKUNDE: EENMANSAAK

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om die funksie en beperkinge van proefbalanse te verstaan en proefbalansfoute reg te stel; die belangrikste soort aansuiwerings te bepaal en op te teken; die eenmansaak se nominale grootboekrekeninge by handels- en diensondernemings af te sluit en die bruto en netto wins te bereken by die periodieke en deurlopende voorraadstelsel.

REKH 161 REKENINGKUNDE: EENMANSAAK

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om met behulp van 'n tienkolomwerkstaat die rekeninge in die proefbalans aan te suiwer; die jaarlikse finansiële state van 'n eenmansaak voor te berei; die inligting daarin te vertolk met betrekking tot 'n spesifieke inligtingsbehoefte; verhoudings te bereken en hul doel en gebruik in die ontleding van likiditeit, winsgewendheid en solvensie van 'n onderneming te identifiseer.

REKH 231 REKENINGKUNDE: BATEVERKOPE EN VENNOOTSKAPPE

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om: die verkoop van enige vaste bate te hanteer en die wins of verlies op verkoop van 'n vaste bate te bepaal, die daaglikse transaksies van 'n vennootskap te kan opteken, die funksie van die kapitaal-, privaat- en onttrekkingsrekeninge te verstaan, die vennootskapoooreenkoms te kan opteken, die jaarlikse finansiële state van 'n vennootskap voor te berei, die inligting daarin te vertolk met betrekking tot 'n spesifieke inligtingsbehoefte en verhoudings te bereken en te vertolk.

REKH 241 REKENINGKUNDE: PERIDIEKE VOORRAADSTELSE EN DEPARTEMENTE

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om: die periodieke - en deurlopende voorraadstelsels te bespreek en van mekaar te onderskei; die transaksies vanaf die betrokke dokumente of gegewe transaksies in die boeke van oorspronklike inskrywing volgens die periodieke voorraadopnamestelsel; asook volgens departemente op te teken; oor te boek na die algemene grootboek; die jaarlikse finansiële state voor te berei (inkomstestaar en balansstaat) en die state so te verstaan dat die inligting daarin kan vertolk kan word.

REKH 251 REKENINGKUNDE: VERVAARDIGINGSONDERNEMINGS EN BEGROTINGS

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om: transaksies in die hulpjoernale van 'n vervaardigingsonderneming aan te teken, oor te boek na die algemene grootboek; te onderskei tussen direkte en indirekte materiaal en arbeid; die jaarlikse finansiële state voor te berei (vervaardigingskostestaar, inkomstestaar en balansstaat) en die inligting daarin te vertolk soos benodig. Verder behoort leerders in staat te wees om die beplanning van, beheer oor en die doel en beperkings van 'n begroting te kan bespreek en 'n kontantbegroting, begrote inkomstestaar en begrote balansstaat op te stel.

REKH 261 REKENINGKUNDE: SPORTKLUB

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om: die ontledingskasboek van enige nie-handeldrywende onderneming op te stel, inskrywings in die verskillende grootboekrekeninge in te skryf en verskillende state aan die einde van die finansiële jaar op te stel ('n staat van ontvangstes en betalings, 'n staat van inkomstes en uitgawes en 'n balansstaat,) in die formaat wat vereis word deur die spesiale omstandighede van die organisasie of vereniging.

REKH 311 REKENINGKUNDE: BESLOTE KORPORASIES EN MAATSKAPPYE

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om: die Beslote korporasie as ondernemingsvorm te kan bespreek; rekeningkundige inskrywings rakende ledebydraes, lenings van en aan lede, transaksies met lede, inkomstebelasting, verdeling van winste en onuitgekeerde inkomste te kan opteken; finansiële jaarstate te kan opstel volgens die

vereistes van die Wet op Beslote Korporasies van 1984 en standpunte oor algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk (AARP); die Maatskappy as ondernemingsvorm te kan bespreek; rekeningkundige inskrywings rakende aandeeltransaksies (verkoop van aandele teen pariwaarde en premie), inkomstebelasting, dividende verklaar en betaal en behoue inkomste te kan opteken; finansiële jaarstate te kan opstel volgens die minimum vereistes van die Maatskappywet, 1973 soos gewysig, en standpunte oor AARP.

REKH 321 REKENINGKUNDE: KONTANTVLOEISTATE, ONTLEDING EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE

2 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort leerders in staat te wees om: 'n Kontantvloeistaat van enige ondernemingsvorm te kan opstel deur die kontantvloei uit bedryfs-, beleggings- en finansieringsaktiwiteite te kan bepaal om die netto verandering in kontant en banksaldo's te bereken; 'n beter insig in die finansiële prestasies en finansiële stand van 'n Beslote korporasie en Maatskappy te verkry deur die rentabiliteits-, likiditeits- en solvabiliteitsverhouding en/of persentasies te bereken, te evalueer aan die hand van vergelykende maatstawwe en die doel van die verhoudings en persentasies te kan verduidelik. Verder behoort leerders in staat te wees om by Maatskappye die beplanning van, beheer oor en die doel en beperkings van 'n begroting te kan bespreek en 'n kontantbegroting, begrote inkomstestaat en begrote balansstaat op te stel.

RGLO 121 REKENAARGELETERDHEID: REKENAARVAARDIGHEDE

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerders oor kennis, vaardighede en houdings te beskik om die rekenaar en standaardwoordverwerking-, sigblad- en grafiekurrikulummatuur effektief te gebruik; en kennis te dra van die internet en die voordele en beperkings daarvan vir die onderwys.

SPEK 111 SPORT EN KULTUUR: LEERUITKOMSTE VIR DIE SPORTMODULE IN DIE GESAMENTLIKE KURSUS VIR DIE SPORT- EN KULTUURSERTIFIKAAT

2 uur 1:1

Studente moet in staat wees om 'n basiese kennisvlak, praktiese vaardighede en 'n waardesisteem te demonstreer in geselekteerde sport- as kultuuraktiwiteite. Die sport-, sowel as die kultuurafdeling is saamgestel uit teoretiese en praktiese komponente. Studente moet kennis en insig toon in die basiese beginsels met betrekking tot sportafProgram soos aangespreek word in die verskillende teoretiese afdelings (Motoriese Leer, Sportfisiologie, Sportfilosofie en Sportbestuur). Die verwerwing van 'n amptelike afrigterskwalifikasie in 'n erkende skoolsport en 'n kultuuraktiwiteit, is verpligtend. Verder moet studente ook: onderwysgerigte kultuuropleiding kan verantwoord en kennis en insig toon in die beplanning, organisasie en bestuur van kultuuraktiwiteite.

SPVV 421 AANVULLENDE VAKDIDAKTIEKE: BYKOMENDE ENTREPRENEURSWAARDIGHEDE VIR OPVOEDERS

Na voltooiing van die module behoort jy instaat te wees om entrepreneurskapvaardighede aan leerders te onderrig; by hulle 'n begrip vir entrepreneurs-gesindheid te vestig en gepaste aksiestappe by leerders te vestig.

TEGG 121 TEGNOLOGIESE STUDIES

1 uur 3:2

Na voltooiing van die module moet leerders kennis kan demonstreeer van integrasie van Tegnologie in die leerkurrikulum vir die Grondslagfase.

TEGH 151 TEGNOLOGIE SPES

2 uur 1:1

Na die voltooiing van die module behoort die leerders skriftelik en prakties te kan demonstreeer dat hulle die nodige kennis,vaardighede en waardes bemeester in sekere van die leerarea tegnologie se kennisterreine

TEGH 241 TEGNOLOGIE SPES

2 uur 1:1

Na die voltooiing van die module behoort die leerders skriftelik en prakties te kan demonstreeer dat hulle die nodige kennis,vaardighede en waardes bemeester in sekere van die leerarea teegnologie se kennisterreine

TEGV 121 TEGNOLOGIESE STUDIES

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerders skriftelik en prakties te kan demonstreeer dat hulle die nodige kennis en vaardighede, gesindhede en waardes bemeester om tegnologie sinvol aan te wend oor al die leerareas heen. Dit sluit in kennis en vaardighede in probleemoplossing, stelsels, strukture, materiale ,produkte, dataverwerking, grafiese ontwerp, veiligheids-aspekte sowel as etiese aspekte betrokke by tegnologie en die toepassing daarvan in die leerarea tegnologie

TETG 211 ELEKTROTEGNIK: TEORIE EN PRAKTYK

2 uur 1:1

Die leerders moet skriftelik sowel as prakties bewys kan lewer daarvan dat hulle genoegsame kennis van elektriese stroomteorie, elektrostatika, huishoudelike apparaat, selle, beginsels van elektro-magnetisme, verbruikerskringe en die toetsing daarvan het. En ook die basiese eletrotegniese beginsels van elektronika.Hulle moet verder die handvaardigheid bemeester in die hantering van instrumente en handgereedskap sodat alle veiligheidsaspekte,soos dit van toepassing is in NOSA voorskrifte, nagekom kan word.

TETG 221 ELEKTROTEGNIK: TEORIE EN PRAKTYK

3 uur 1:1

Die leerders moet skriftelik sowel as prakties bewys kan lewer daarvan dat hulle genoegsame kennis van die volgende teorie, toetse en prosesse het. Elektromagnetisme , dinamies- en statiese emk. , histerese , gelykstroommaasjiene ,gelykstroomaansitters en meters (analoog) asook die basiese eletrodinamiese beginsels van elektronika .Hulle moet verder die handvaardigheid bemeester in die hantering van instrumente en masjiene sodat alle veiligheidsaspekte soos dit van toepassing is in NOSA voorskrifte nagekom kan word.

TETI 311 ELEKTRIESE TEGNOLOGIE: TEORIE EN PRAKTYK

3 uur 1:1

Die leerders moet skriftelik sowel as prakties bewys kan lewer daarvan dat hulle genoegsame kennis van die volgende teorieë, toetse en prosesse het. Opwekking van wisselende EMK, middelordinaat-reël, fasors, RLC serie- en parallelkringe, resonansie kringe, Q- faktor, aktiewe- en reaktiewe komponente van stroom, arbeidsfaktor verbetering (metodes). Hulle moet verder die handvaardigheid bemeester in die hantering van instrumente en masjiene sodat alle veiligheidsaspekte soos dit van toepassing is in NOSA voorskrifte nagekom kan word.

TETI 321 ELEKTRIESE TEGNOLOGIE: TEORIE EN PRAKTYK

3 uur 1:1

Die leerders moet skriftelik sowel as prakties bewys kan lewer daarvan dat hulle genoegsame kennis van die volgende teorieë, toetse en prosesse het. Drie-fase wisselstroomstelsels, wisselstroom meetinstrumente(analoog), enkelfaas-transformators, outotransformators, instrument transformators.

Hulle moet verder die handvaardigheid bemeester in die hantering van instrumente en masjiene sodat alle veiligheidsaspekte soos dit van toepassing is in NOSA voorskrifte nagekom kan word.

TETI 411 ELEKTRIESE TEGNOLOGIE: TEORIE EN PRAKTYK

3 uur 1:1

Die leerders moet skriftelik sowel as prakties bewys kan lewer daarvan dat hulle genoegsame kennis van die volgende teorieë, toetse en prosesse het. Komplekse RLC-kringe, Grafiese en wiskundige oplossings, drywing in takke asook totale drywing. Drywingsfaktor verbetering van motors en installasies. Bepaling van kapasitansie waardes van motors en elektriesekringe.

Hulle moet verder die handvaardigheid bemeester in die hantering van instrumente en masjiene sodat alle veiligheidsaspekte soos dit van toepassing is in NOSA voorskrifte nagekom kan word.

TETI 421 ELEKTRIESE TEGNOLOGIE: TEORIE EN PRAKTYK

3 uur 1:1

Die leerders moet skriftelik sowel as prakties bewys kan lewer daarvan dat hulle genoegsame kennis van die volgende teorie, toetse en prosesse het. Drie-fase transformators, instrument transformators, transmissie, beligting, wisselstroom motors, en motor aansitters. Hulle moet verder die handvaardigheid bemeester in die hantering van instrumente en masjiene sodat alle veiligheidsaspekte soos dit van toepassing is in NOSA voorskrifte nagekom kan word.

TETO 311 ELEKTRONIESE TEGNOLOGIE: TEORIE EN PRAKTYK

3 uur 1:1

Na voltooiing van die inleidende kursus tot basiese **logikabane en Boole algebra** van elektronika, behoort die leerders te demonstreer (skriftelik en prakties) dat die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester is om elektroniese tegnologie sinvol aan te wend by die onderrig daarvan in toepaslike skoolkurrikulum.

TETO 321 ELEKTRONIESE TEGNOLOGIE: TEORIE EN PRAKTYK

3 uur 1:1

Na voltooiing van die inleidende studie tot **beheerstelsels** en integrering daarvan in elektronika, behoort die leerders te demonstreer (skriftelik en prakties) dat die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester is om elektroniese tegnologie sinvol aan te wend by die onderrig daarvan in toepaslike skoolkurrikulum .

TETO 411 ELEKTRONIESE TEGNOLOGIE: TEORIE EN PRAKTYK

3 uur 1:1

Na voltooiing van die kursus en inleidende studie tot **halfgeleier en geïntegreerbare stroombane** van elektronika, behoort die leerders te demonstreer (skriftelik en prakties) dat die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester is om elektroniese tegnologie sinvol aan te wend by die onderrig daarvan in toepaslike skoolkurrikulum .

TETO 421 ELEKTRONIESE TEGNOLOGIE: TEORIE EN PRAKTYK

3 uur 1:1

Na voltooiing van die inleidende studie tot **industriële toepassings** van elektronika, behoort die leerders te demonstreer (skriftelik en prakties) dat die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester is om elektroniese tegnologie sinvol aan te wend by die onderrig daarvan in toepaslike skoolkurrikulum .

RTTO 131 REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: INLEIDING TOT REKENAARSTELSELS

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder die nodige operasionele kennis, vaardigheid en begrip te demonstreer van algemene konsepte van inligtingstegnologie, verskillende rekenaarstelsels, die komponente, eienskappe en basiese werking van die rekenaar, asook die impak wat dit op die omgewing en samelewing het.

**RTTO 141 REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: INLEIDING TOT
REKENAAR-PROGRAMMATUUR**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder die nodige kennis, vaardigheid en begrip te demonstreer van verskillende tipes stelsel- en toepassingsprogrammatuur, etiese oorwegings in die gebruik van programmatuur, rekenaarsekureit, virusse en die evaluering van programme ten opsigte van bruikbaarheid in die onderwys. Die leerder moet verder die praktiese vaardigheid demonstreer om 'n tipiese bedryfstelsel, die Internet en epos te gebruik.

**RTTO 151 REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: INLEIDENDE
WOORDVERWERKINGS-VAARDIGHEDE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder die nodige kennis, begrip en vaardigheid te demonstreer van die gebruik van toevoereenhede en 'n woordverwerker om die volgende dokumente te skep: paragrawe, korrespondensie dokumente, vertoonwerk, getuigskrifte en vorms. Verder moet die leerder beskik oor basiese toetsbordvaardigheid.

**RTTO 161 REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: ELEMENTÊRE
WOORDVERWERKINGS-VAARDIGHEDE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder die nodige kennis, begrip en vaardigheid te demonstreer van die gebruik van toevoereenhede en 'n woordverwerker om die volgende dokumente te skep: vergaderingdokumente, verslae, regsdokumente en aansoek om betrekkinge. Verder moet die leerder beskik oor basiese toetsbordvaardigheid.

**RTTO 231 REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: GEVORDERDE WOORD-
VERWERKINGSVAARDIGHEDE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder die nodige kennis, begrip en vaardigheid te demonstreer van die gebruik van toevoereenhede en 'n woordverwerker om die volgende dokumente te skep: paragrawe, korrespondensie dokumente, vertoonwerk, getuigskrifte en vorms. Verder moet die leerder beskik oor gevorderde toetsbordvaardigheid.

**RTTO 241 REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: GESPESIALISEERDE
WOORD-VERWERKINGSVAARDIGHEDE**

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder die nodige kennis, begrip en vaardigheid te demonstreer van die gebruik van toevoereenhede en 'n woordverwerker om die volgende dokumente te skep: vergaderingdokumente, verslae, regsdokumente en aansoek om betrekkinge. Verder moet die leerder beskik oor gevorderde toetsbordvaardigheid.

RTTO 251 REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: BASIESE SIGBLADVERWERKINGS-VAARDIGHEDE.

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder die nodige kennis, begrip en vaardigheid te demonstreer van die gebruik van sigbladverwerker vir die ontwerp van 'n sigblad, basiese redigering, die toepassing van basiese funksies en formules, formattering tot 'n verstaanbare en duidelike formaat, asook die skep en druk van grafieke.

RTTO 261 REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: GEVORDERDE SIGBLADVER-WERKINGSVAARDIGHEDE

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder die nodige kennis, begrip en vaardigheid te demonstreer van die gebruik van 'n sigbladverwerker vir die hantering van lyste, veelvuldige werkblaaië en werkboeke, asook die gebruik van die redigeergereedskap. Daar sal verder van leerders verwag word om 'n praktiese projek, in die vorm van 'n skoolgerigte toepassing, te ontwikkel waarin die verwerfde konsepte en beginsels binne een sigblad geïntegreer word.

RTTO 311 REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: PRESENTASIES, TAFELPUBLIKASIE EN WEBBLADONTWERP

2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder die nodige kennis, begrip en vaardigheid te demonstreer van die gebruik van programmatuur wat aangewend kan word vir presentasies, tafelpublikasies en webbladontwerp. Die leerder moet in staat wees om deurgaans gebruik te maak van goeie ontwerpbeginsels en moet hierdie toepassings met ander toepassingsprogrammatuur kan integreer.

RTTO 321 REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: DATABASISONTWERP EN DATAKOMMUNIKASIE

2 uur 1:1

Na afloop van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om kennis en begrip te demonstreer van die ontwerp van 'n databasis, normalisering van data, skep van tabelle en relasies, asook die hantering van gevorderde databasiskonsepte soos navrae, vorms, verslae en makro's met behulp van MS Access. Die leerders moet verder ook leerder in staat te wees om kennis en begrip te demonstreer van verskillende tipes netwerke, kommunikasiemedie en -protokolle, asook datahantering binne 'n netwerk.

RTTD 411 VAKDIDAKTIEK VAN REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE

2 uur 1:1

Na afloop van hierdie module behoort die leerder vaardigheid te demonstreer ten einde Rekenaartoeassingstegnologie effektief te kan onderrig. Dit sluit in kennis van: sillabusdokument en vakbeleid, opstel van werkskemas, vraestel en memorandum. Verder moet die leerder begrip toon vir die psigologie van RTT-onderrig en doelwitgerigte onderrig en benaderings in die RTT-klas kan toepas. Die leerder moet ook vaardig wees in konseptuele tik, die hantering van die gestremde/geremde leerder in die RTT-klas en die evaluering van handboeke.

TMTM 311 MEGANIESE TEGNOLOGIE

3 uur 1:1

Na afloop van hierdie module wat handel oor eksperimente rakende gereedskap, materiale, samevakkig statika en spanning, moet die leerders skriftelik en eksperimenteel bewys kan lewer dat hulle genoemde werk bemeester het, in so 'n mate dat dit bogenoemde ondersteun of bewys .

TMTM 321 MEGANIESE TEGNOLOGIE

3 uur 1:1

